

# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 44

**3 November 2024**

**GENADE**
**wat my bemagtig**

**Wat is genade?**
“Die genade van God wat verlossing bring het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op (training us to renounce ungodliness, ESV) om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe…” – Titus 2:11-13.
**Genade produseer oorwinning en verandering**
Om goddeloosheid af te lê is anders as om net aanhoudend jammer te sê terwyl daar geen verandering is nie. Genade produseer oorwinning en ‘n heilige lewenstyl en nie die teenoorgestelde nie. Genade is die werking van God se vermoë in en deur ons om dit wat menslik onmoontlik is, reg te kry.
**Hoekom sien ons dit nie in ons lewens nie?**
Genade is die verskil tussen ‘n sondige lewe en ‘n godvresende lewe. Maar hoekom sien ons dit nie in my en ander se lewe nie? Die antwoord is versteek in hoe ek God se genade verstaan en uitleef.
**Hoe kry ek genade?**
**“Hy laat immers Sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor die wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.” – Matt 5:45**
**Algemene genade**
Dit is genade wat beskikbaar is vir elke mens op aarde. Elke asemteug wat ons neem en elke dag wat ons ons oë oopmaak, is algemene, onverdiende genade.
**Reddende genade**
Dit word geaktiveer wanneer ons ons geloof in Christus se voltooide werk plaas en by wedergeboorte Sy heerskappy in en óór ons lewens aanvaar. Reddende genade bewerkstellig ‘n krag wat ons van sondaar na kind van God verander. Hierdie is ‘n ewige verandering, wat ons van die koninkryk van duisternis na die Koninkryk van lig oorplaas. Nou is ons nie meer verlore sondaars nie, maar kinders van God. Hoewel ons nog ‘n sondige natuur het, het ons nou ook ‘n bonatuurlike Goddelike natuur waaruit ons in oorwinning kan lewe.
**Heiligmakende genade**
Dit word vrygestel ná wedergeboorte en werk voortdurend in ons om ons te verander om meer soos Hy te word en te lewe. Hierdie krag bemagtig normale, magtelose sondaars soos ek en jy om bonatuurlike oorwinnings en standvastige veranderings te beleef. Baie Christene haak by wedergeboorte vas en verstaan nie dat God se soewereine plan baie meer insluit as net gereelde bekerings vanaf verkeerd na reg nie. Dit hou ‘n oorwinningslewe in wat elke aspek van die lewe verander in ‘n avontuur van doelgerigtheid, vreugde en vrug. (vervolg).

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons kinders, skoliere, en studente. In besonder vir die matrieks, studente en almal wat met eksamens besig is.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Ivan Garacki
- Stefaans du Plessis
- Adri Caarstens

Natasha Stols
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Tannie Bets Coetzee
Hannah Pienaar
Jaap Naudé
Willie Viljoen
Jurie Matthee
Adri Botha
Rina du Plessis

**Gedagte vir die week**

**Hoogmoed blokkeer God se genade,**
**nederigheid maak Sy krane van genade oop.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org